Tema: Aanbid God! Nie die simbole van sy redding nie.

Lofsang met die oog op die erediens
Ps. 47 - 1: 1,4
Ps. 48 - 1: 1,5

Ontmoetingsdiens
Intreelied Ps. 93 - 1: 1,4 (Mel Lied 582)
Votum
Seën
Lofsang Ps. 81 - 1: 1,2,9,10,11
Gebed

Woorddiens
Skriflesing: 2 Konings 18: 1 - 8
Teksverse 4 en 5
Woordverkondiging.

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawes
Vrae, getuienis, bespreking
Sing Ps. 96 - 2: 1,3,4,5
Seën
Amenlied: Sb 13-3.

Geliefde brs en srs

Dit is so maklik vir ’n gelowige en vir ’n kerkgemeenskap om die spoor van ware geloof en aanbidding byster te raak. Dit is so maklik om in valse geloof en uiteindelik in ongeloof te verval. Daarvan is die hele geskiedenis van die volk Israel soos wat dit in die verhale van die boeke Rigters, Samuel, Konings en Kronieke opgeteken is, vir ons ’n bewys.

Gedurig is die volk verlei om afgode te aanbid en van aanbidding van die ware God weg te dwaal en kort-kort moet die Here een of ander leier of profeet of koning stuur om die volk weer op die regte pad te bring.

Koning Hiskia was so ’n toegewyde gelowige man wat die Here gebruik om die volk weer terug te bring na ware aanbidding! Hiskia word hier deur die geskiedskrywer op dieselfde vlak geplaas as koning Dawid van ouds. Dit is voorwaar iets noemenswaardig! Hiskia het onverskrokke opgetree en die volk met streng optrede en positiewe leiding teruggebring na God toe. Gaan lees maar die uitvoerige beskrywings daarvan in 2 Kronieke 29 tot 32 en Jesaja 36 – 39.

Hiskia het begin deur die al die sondige aanbiddingsplekke en pale wat die volk vir die afgode opgerig is, te verwoes. Hy wou Israel leer dat <u>die Here die enigste ware God is en dat Hy aanbid moet word soos Hy dit in die wet beveel het</u>. **Die godsdienstige verval van die volk was so erg dat die tempeldiens tot stilstand gekom het.** Daar is nie meer offers gebring nie en die priesters het nie meer die diens van die Here onderhou nie. In ons terme sou ons kon sê die kerkgebou is toegesluit en vervalle, daar is nie meer eredienste nie en die volk kom nie meer bymekaar om die Here te dien nie.

Hiskia het dit alles weer herstel soos die Here in die Wet dit voorgeskryf het. Die priesters en Leviete is weer aangestel en die diens van die Here het weer begin. En baie belangrik: vir die eerste keer in ’n baie lang tyd is die Paasfees weer in Israel gevier!

Geliefdes, ek is seker dat die gelowiges en getroue Israeliete baie bly en dankbaar was dat koning Hiskia met soveel erns die volk teruggelei het na die Here toe en ware aanbidding weer in plek gekry het. Ek is seker hulle was dankbaar dat die afgode verwyder is en dat al die aanbiddingsplekke en beelde van afgode afgebreek is.

Maar, ek dink, selfs vir die mees getroue Israeliet, het koning Hiskia ’n bietjie te ver gegaan. **Dit is skokkend om in ons teks te lees dat koning Hiskia die koperslang, wat Moses in die woestyn in opdrag van God gemaak het, stukkend geslaan het!** Dit moes vir die volk ook ’n ontnugtering gewees het dat so ’n belangrike simbool van God se redding vernietig word! Die Here het dan self gesê dat die slang gemaak moet word en vir baie jare word die slang in die tempel bewaar as kosbare bewys van God se redding en nou slaan die koning dit stukkend!

Dit is goed en wel om die afgodsbeelde stukkend te slaan – maar die koperslang! Dit is darem te erg! Al die jare is die slang bewaar en het dit in die tempel ‘n ereplek. Dit moes die volk herinner aan God se verlossing in die woestyn!

Die vraag is: hoekom het koning Hiskia die kosbare simbool stukkend geslaan? Die probleem was dat die koperslang belangriker as die Here geword het. Die volk het die slang aanbid en nie die Here nie. Ons lees dat die volk in daardie tyd offerrook vir die slang laat opgaan het. Waarskynlik het hulle wierook tot eer van die slangbeeld gebrand en so die slang aanbid.

Geliefde brs en srs, deur die eeue bly dit ’n probleem in die hart van gelowiges dat hulle geheg raak aan die simbole van God se redding in plaas daarvan om aan God self geheg te wees! Hoe gebeur dit? Omdat ons ons laat beïnvloed deur die omgewing waarin ons ons bevind. Israel het al in Egipte gesien hoe belangrike rol slange in die godsdiens van die Egiptenare gespeel het – vandaar dat Moses en Aaron se twee kieries in twee slange moet verander om vir die Farao te wys dat God magtiger is as die afgode van Egipte. (wys skyfie)

Maar ook in Kanaän is hulle deur die godsdienstige rituele van die Kanaäniete beïnvloed. Die heidense nasie het ook slange in hulle godsdiens aanbid en het geglo dat slange allerhande magiese kragte besit. (wys skyfie 2)
Hier is ’n voorbeeld van ’n wierookbrander met slange daarop wat in Kanaän opgegrawe is**.**

Beïnvloed deur hierdie denke – soos ons vanmore gehoor het – begin die volk nou ook om die koperslang van Moses te aanbid. Die simbool van God se redding in die woestyn teen die giftige slange wat die volk doodgemaak het, word nou belangriker as God self. Die sigbare simbool word nou belangriker as die onsigbare God.

Die koperslang het selfs ’n naam gekry- Negustan! Dit is die samevoeging van twee Hebreeuse woord wat “item van koper” of iets van koper” beteken. Hoekom is dit belangrik om daarop te let dat die slang n naam gekry het? Deur ’n naam te gee tree die gelowige in ’n verhouding met die simbool. Dit word iets persoonlik wat ek aanbid!

Geliefdes, ons trap tot vandag toe as gelowiges en kerk in hierdie strik van Satan. So bv. word die **wyse van die erediens** (liturgie) vir sommige mense belangriker as om God self te ontmoet! Die manier waarop die ontmoeting gehou word en alles wat hier gebeur of nie moet gebeur nie – word aanbid. Dit word belangriker as die feit dat ons God hier in die erediens ontmoet.

Nog ’n voorbeeld: **die viering van Paasfees word belangriker** as die Paaslam self. Alles wat met die viering van Paasfees gepaard gaan word belangriker as Christus self en om te herdenk wat Hy vir ons gedoen het.

Vir sommige word die **kruis as simbool van redding** belangriker as die Redder aan die kruis! Hulle praat meer oor die kruis as oor Christus! Vir ander weer word **die beker en brood** en die manier waarop ons Nagmaal vier, belangriker as die liggaam en bloed van Christus en wat Hy met nagmaal daarmee bedoel het. So word ook die **wyse waarop die doop** as sigbare teken van God se verbond bedien word, belangriker as dit betekenis van die doop self!

So kan die **program van die gemeente** ook belangriker word as ons diens aan God! Ons kan so ernstig wees oor alles wat op die jaar se program is en moet gebeur – dat ons vergeet ons is besig om die Here te dien en nie ŉ program na te jaar nie!

So is daar ook **gelowiges wat die Bybel aanbid** in plaas van die God van die Bybel. Sekere vertalings of sekere uitgawes van die Bybel word as heilig en onaantasbaar beskou en word belangriker as om die Here in en deur die Bybel te leer ken.

Geliefdes, dis eie aan die sondige aard van ons as mense! Ons tree eerder in ŉ verhouding met iets sigbaar en tasbaar as om met God in verhouding te tree. Daarom moet ons vir mekaar vra: Aanbid ons nog die ware God of is ons ook in baie opsigte besig om die simbole van sy redding te aanbid? Waarvan moet ons ons bekeer om God in plaas van simbole van redding te aanbid?

Dit is waarom Christus ook na hierdie aarde toe moes kom! Hy moes God persoonlik aan ons kom openbaar! In Hom kon ons God sien en Hy is die enigste Naam deur wie jy in ŉ lewende verhouding met God kan staan! Daarom roep die Here ons vanaand op om ons van ons afgode maar ook van ons kwasi-Christelike simboolaanbidding in die kerk te bekeer!

Soos Hiskia die volk teruggelei het na God – so het Christus ons die ware God kom wys sodat ons Hom kan ken, kan liefhê en kan dien! Dat ons nie die behoefte het om in simbole, rituele en menslike voorskrifte ons sekuriteit te vind – maar in Christus alleen! Hy is alles en in almal – Hy is die alfa en die omega – ons het niks meer nodig nie! In en deur Hom kan ons die ware God aanbid.

Nie deuraan uiterlike dinge vas te hou nie – maar om ons hele lewe as offer vir God te gee. Die Israeliet het wierook vir die slang laat brand – ek en jy gee ons hele lewe in diens van God! God is ons geloofsanker en nie die sigbare dinge van hierdie wêreld nie – ook nie van die sigbare dinge in die kerk nie!

Geliefdes, dit is dan die boodskap vanaand: Aanbid die Here en nie die simbole van sy redding nie!

Kom ons sluit af met hierdie vraag: wat is jou verwagting van die ewige lewe? Waarom sien ons uit na die hemel en die lewe na die dood? Sien ons uit na al die wonderlike dinge wat God ons in die hemel beloof – om dit alles te kan geniet? Of sien ons uit om in die teenwoordigheid van God self te wees – dat Hy die heerlikheid is wat aan ons belowe word. Dit is die verskil en dit is wat Hiskia die volk wou leer en daarom het hy Moses se koperslang stukkend geslaan.

Amen